

## BOEKBESPREKINGS

*Cabo*. Deel 1 nr. 1, Augustus 1972. Tydskrif van die Kaapstadse Historiese Vereniging.

Hierdie tydskrif sal af en toe verskyn met bydraes in Afrikaans of Engels oor die geskiedenis van Kaapstad of Wes-Kaapland. Die lede van die vereniging ontvang die tydskrif gratis teen ledegeld van R3 per persoon of R4 per gesin. Die adres is: Die redakteur, Kaapstadse Historiese Vereniging, Posbus 2615, Kaapstad. Bydraes moet ongeveer 2 500 tot 3 000 woorde beslaan.

Die eerste nommer word verwelkom. Dit bevat 'n agttal lesenswaardige artikels o.a. van dr. A. J. Boëseken, Frank R. Bradlow, dr. C. J. Scheepers Strydom, J. C. Quinton, Jose Burman, Hymen Picard en dr. Louis Herrmann.

Die artikel van dr. Boëseken, „The meaning, origin and use of the terms Khoikhoi, San and Khoisan”. is van belang. Sy toon op historiese gronde aan dat dit ongeregverdig is van profe. Wilson en Thompson in hulle *Oxford History of South Africa* om die historiese terme Boesman en Hottentot te vervang deur *San* en *Khoikhoi* (uit politieke oorwegings omdat, volgens Wilson en Thompson, Hottentot „is a nickname which has become a term of ridicule and abuse in South Africa”). Dr. Boëseken bevind dat die benaming „khokhoi” eers in die 19e eeu deur sendelinge, volkekundiges en etnografe, argeoloë en linguïste gebruik is. Dit is derhalwe ongeregverdig om dié term terug te projekteer in die 17e en 18e eeu waar daar na Boesmans en Hottentotte — ou historiese benaminge — verwys word.

Van belang is ook die geskiedenis van die Van Riebeeckvereniging soos uiteengesit deur Frank R. Bradlow in sy „The Van Riebeeck Society; its history and development”. C. J. Scheepers Strydom skryf oor die juiste ligging van Van Riebeeck se grondfort en Jose Burman gaan die geskiedenis na van die spookskip „Die Vliegende Hollander”. H. Picard skryf oor Maria Quevellerius die vrou van Jan van Riebeeck.

F. A. van Jaarsveld.

I. H. Enklaar: *De Levensgeschiedenis van Johannes Theodorus van der Kemp, stichter van het Nederlansch Zending-Genootschap, pionier van de London Missionary Society onder Kaffers en Hottentotten in Zuid-Afrika, 1747-1811, tot zijn aankomst aan de Kaap in 1799*. Wageningen: H. Veenman en Zonen, 1972. 24.5 cm., pp. 168.

Hierdie biografie deur 'n landgenoot stel hom ten „doel . . . het presenteren van een op alle beschikbare bronnen gebaseerde, nauwgezette zendingshistorische studie over leven en arbeid van J. Th. van der Kemp in het kader van zijn tijd.” (p. 11). Vir sover dit die primêre en sekondêre bronne aangaan, is dit dan ook goed verantwoord (cf. 12-13, 157, 158, 159-160, 161-163).

Die biograaf het tot die gevolgtrekking gekom dat „Van der Kemps levensgeschiedenis . . . scherp in twee geheel verschillende gedeelten uiteen (valt)”, en, „dat de hier beschreven eerste fase een eigen afgerond geheel vormt . . . dat het bestuderen van alle bronnen betreffende Van der Kemps twaalf jaren zendingwerk onder Kaffers en Hottentotten in Zuid-Afrika, en het schrijven van het daarover handelende tweede deel van het werk, nog geruime tijd zal vergen” (pp. 11-12). Die vraag bly of die interpretasie van so 'n „prominente en omstrede zendingfiguur” so afgehandel kan word, nl. om die eerste gedeelte van sy lewe te beskrywe voordat die verdere verloop en interpretasie daarvan bykom? Is begrip van hierdie latere sendeling nie uiters belangrik vir die historiese vraagstelling en beskrywing van sy Nederlandse agtergrond nie? Dat die leser die

levensloop deurgevoer wil hê, voel die skrywer klaarblyklik self aan, en sluit 'n epiloog of „Schets van van der Kemp se verdere levensloop en arbeid in Zuid-Afrika” (pp. 143-144) in.

Die studie wil 'n regstelling dien. Daarvoor word 'n kronologies-tematiese metode aangewend. Van der Kemp se geestelike besinning, filosofiese bespiegeling en sedelike lewe word in sy „uitermate gevarieerde levensgeschiedenis” (p. 72) gestel. Hierdie pastorieseun sou hom aanvanklik as student in medisyne laat inskrywe. Sy studies sou hom egter koud laat (p. 18), selfs toe hy bevrediging in die algemene natuurwetenskappe gaan soek het. Oorgegee aan „zijn twee alles overheersende hartstochten . . . de begeerte van zijn vlees en de hoogmoed van zijn hart” (p. 18), staak hy sy studies om as dragonderoffisier betrekking te vind (1766-1780, p. 20ff.) Maar hierdie dryfveer is na die mening van Enklaar nie onvoorwaardelik deurslaggewend, soos wat S. G. Millin in haar *The Burning Man* van der Kemp as „intoxicated with sex” beskrywe, nie. In die omskrywing van sy loopbaan word dit positief weerlê. Hy dui aan hoe Van der Kemp in sy liefde vir 'n eenvoudige meisie tot 'n huweliksverhouding kom, en bestendigheid vind, en weer besluit om medies te loop, dié keer in Skotland. As hy weer daartoe kom om sy lewensbeskouing uit te werk, is dit nog steeds in 'n deïstiese benadering vasgevang (1780-1782, pp. 38ff.)

As mediese praktisyn (1782-1791, pp. 46ff.) is hy „voldoende overtuigd geraakt van de ijdelheid der geneeskunde” (p. 58), en sou weer in natuurwetenskaplike interesse opgaan (pp. 59ff.) Toe sy vrou en buite-egtelike, en enigste, dogter hom in 'n bootongeluk ontval, ondervind hy by herhaling 'n „providentiële bewaring” van sy lewe. Maar dit is aan die nagmaalstafel dat „zijn opstandigheid tegen God wegsak” (p. 61), en God hom oormeester. In „de Heilige Schrift” vind hy weer „het eeuwig blijvend Woord van God, de enige bron van zaligmakende kennis”, nadat hy dit by die „apostolische brieven,” byname die brief aan die Romeine (p. 65), begin lees en sy vooroordele oorwin het. Nogeens aan die nagmaalstafel, haal sy sondes hom in, en kom hy tot „de oortuiging dat Jezus had ze nu op zich genomen, en mij verklaard voor altijd de Zijne te zijn” (p. 71).

Nou verantwoord hy hom teologies en publiseer *De Theodicee van Paulus, of de rechtvaardigheid Gods door evangelium uit het geloof, aangetoond tot geloof, in eenige aanmerkingen op dezels Brief aan de Romeinen, met eene nieuwe vertaling en paraphrase* (1799). Dit is jammer dat Enklaar ook van hierdie geskrif nie 'n „analyse en beoordeling,” veral van „zijn eigen theologische gezichtpunten,” gee nie. Hy vind dit selfs nie nodig om die „van deverse zijden losgekomen kritiek” na te gaan nie (p. 84). Hoe belangrik hierdie kritiek was, weerspieël sy eie opmerking, as hy sê, „Sommigen ontdekten in die Theodicée „het hooge Calvinismus,” anderen daarentegen „het fijne Leibnitzianismus” (p. 84). Ook vanweë Van der Kemp se sending-teologie en aanvegbare -beleid sou 'n beskrywing van sy besondere standpunt, in die lig van sy geestes- en filosofiese ontwikkeling, voordelig gewees het.

Sy standpunt word nie opgeklar deur na die oordeel en oorsig van die uitgewer, Prof. H. J. Krom, te verwys nie. Soos aangedui in 'n voetnoot (op p. 85), gee Van der Kemp se aantekeninge by Rom. 12:5 'n duidelike teologiese vooroordeel aan, in sy beskouing dat „alle officiële geloofsbelijdenissen en formuliere van enigheid, op liever van verwijdering, welke dierbare waarheden zij ook mogen bevatten, alsoo geloofsleuzen aangemerkt, voor zo vele verschillende stemmen des Satans, die de Schapen van Christus uit elkander jaagt” gehou moet word (cf. ook sy voorbehoud by sy ordening as sendeling in Engeland, p. 105).

Met hierdie siening en aanklag, kon die kerk nie genoeë neem nie, en is

„Kromonder meer verwijt dat hij Van der Kemps *Theodichée* zozeer geprezen heeft. terwijl dit werk ‚den Heeren Visitatoren toescheen met de leer van den Bijbel en van de Hervormde Kerk in Nederland niet zeer te stroken’ ” (pp. 86-87). Sy gereserveerde simpatie met die Hernhutters sou ook beter aangetoon kon word deur ’n krities-teologiese omlýning van sy denke (cf. pp. 88ff.) As dit neerkom op „een te verskillende geestelike groei”, en die feit dat „hij een te individualistiesch denkend en handelend mens” was (p. 91), dan moet sy onderskeidende siening en stellingname nogtans beskrywe word. Dit is weer eens baie belangrik vir die Suid-Afrikaanse verblyf toe sy standpunt praktiese toepassing gevind het.

Die werk is keurig versorgd en afgewerk. Dit is verblydend dat ons stamverwante hulle besig hou met daardie deel van ons (kerk-) geskiedenis waarin ons met mekaar in verband staan, en ons kan help om vir mekaar vraagstelling aan ons geskiedenis op te beantwoord. Daarom sien ons uit na die verskyning van die tweede deel, wat die lyn moet deurtrek.

E. Brown.

H. M. REX, e.a.: *Nederduitsch Hervormde Gemeente Bronkhorstspruit 1869-1969*. Bronkhorstspruit, 1969. 199 pp. R2,70.

Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Bronkhorstspruit het in 1969 sy honderdjarige bestaan gevier en by daardie geleentheid die bogenoemde publikasie die lig laat sien. H. M. Rex, di. J. D. Storm, S. J. Botha, J. J. P. Müller, dr. G. D. J. Duvenhage, proff. A. N. Pelzer, A. D. Pont, J. P. Oberholzer en P. J. Nienaber het elk ’n artikel bygedra. Minstens een artikel is nie spesiaal vir hierdie publikasie geskrywe nie, naamlik die artikel deur ds. Storm wat in 1949 reeds in brosjurevorm verskyn het.

Hoewel die dorp Bronkhorstspruit (eintlik Erasmusdorp) eers na die Tweede Vryheidsoorlog aangelê is, voer die Nederduitsch Hervormde Gemeente sy stigting terug na die sogenaamde Konsulentsgemeente van Pretoria wat in 1869 ontstaan het as gevolg van ’n geskil tussen ds. Begeman en ’n aantal beswaarde lidmate. Hierdie gemeente wat Witfontein en Rhenosterpoort as kerkplekke gehad het, was bestem om ’n belangrike rol in die geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika te speel, veral met betrekking tot kerkvereniging in die jaar onmiddellik na die Eerste Vryheidsoorlog. Tydens die onderhandelinge tussen die Ned. Herv. en Ned. Geref. Kerke kon die verteenwoordigers van die Konsulentsgemeente hulle nie vereenselwig met die besluite wat geneem is nie. In 1885 toe kerkvereniging ’n voldonge feit word, het die gemeente hom by monde van ouderlinge C. J. Joubert en M. J. Prinsloo daarvan gedistansieer en besluit om die Hervormde Kerk te handhaaf. Ondanks verskeie pogings om die gemeente van sy besluit te laat afsien, is op die ingeslane weg volhard onder die naam „De Ned. Herv. Gemeente der Zuid-Afrikaansche Republiek, distrik Pretoria.”

Op 30 September 1887 is ds. M. J. Goddefroy, wat deur die tussenkoms van die jonkheer G. Beelaerts van Blokland uit Nederland beroep is, op Witfontein bevestig. Dr. Goddefroy het vir baie jare ’n belangrike rol in die uitbouing van die gemeente en die Hervormde Kerk gespeel.

Hierdie werk het sowel kerk- as streekshoriese betekenis, maar is as gedenkboek minder geslaagd. Die verhaal van die gemeente en die mense wat ’n belangrike rol daarin gespeel het, ontplooi nooit werklik nie. Die inleidende hoofstuk deur H. M. Rex wat volgens die inhoudsopgawe die geskiedenis van die gemeente moet behels, kom nooit verder as ’n relaas van pogings tot dorpstigting in die Bronkhorstspruitse omgewing voor die Tweede Vryheidsoorlog nie.

Die geskiedenis van die dorp en die gemeente sedert dorpstigting en die verskuiwing van die kerkplekke ontbreek heeltemal, en hoewel dit in die voorwoord in die vooruitsig gestel word as 'n afsonderlike publikasie, vergoed dit nogtans nie vir die ernstige leemte nie. Rex se poging om groter helderheid oor die oorsprong van die naam Bronkhorstspruit te kom, is nietemin interessant — al sê hy nie die laaste woord in dié verband nie.

Met uitsondering van die eerste twee artikels word die geskiedenis van die gemeente rondom bepaalde persoonlikhede aangebied. Dit is myns insiens 'n ongelukkige benadering wat in die eerste plek aanleiding gegee het tot onnodige herhaling. Daar word byvoorbeeld 'n hele artikel gewy aan C. J. Joubert, en op p. 141 word in 'n lang voetnoot verduidelik wie hy was. In die tweede plek het dit tot gevolg dat gegewens omtrent persone verstrek word wat weinig betrekking op die geskiedenis van die gemeente het. Naas 'n biografiese artikel oor dr. H. C. M. Fourie is 'n afsonderlike artikel oor hom as Bybelvertaler opgeneem, hoewel hy in daardie hoedanigheid nie meer aan die Bronkhorstspruitse, gemeente verbonde was nie.

Die puntenerige leser sal ongetwyfeld gehinder word deur die groot aantal drukfoute wat deurgeglim het en die inkonsekwente en dikwels foutiewe taalgebruik. Vergelyk byvoorbeeld die volgende: *de Langes* teenoor *De Beers*, (p. 18), *vyftiger jare* (p. 19), *geassosieër* (p. 18) en *geassosiër* (p. 33), *verassend* (p. 131), *onmiddelik* (p. 140), *Zulu* en *Zwazi* (p. 171). Die meeste van hierdie foute kon uitgeskakel gewees het deur 'n redakteur, wat onontbeerlik is vir 'n publikasie soos hierdie.

A. G. Oberholster.

Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

J. P. Lynch, *Aristotle's School — a Study of a Greek Educational Institution*, University of California Press 1972, 247 p — Prys ongeveer R9,00.

'n Boek oor die geskiedenis van 'n onderwysinstelling in antieke Athene, en gebaseer op 'n deurgaanse bespreking en valuering van fragmentariese bronne-materiaal — literêr, epigrafies en argeologies — is gewoonlik taai leesstof; te meer as so 'n boek die resultaat van 'n proefskrif is. Die mees verrassende van Lynch se boek is dat dit nie net aangenaam en onderhoudend leesbaar is nie, maar dat mens dit moeilik kan neerlê voordat jy die laaste bladsy bereik het. Die aanbieding van die materiaal is akademies hoogstaande, en tog lees dit soos 'n roman.

Lynch behandel nie die leerstellige inhoud van Aristoteles se skool nie, maar die geskiedenis van die *aard, organisasie en werksaamhede* van die skool as instelling vir hoër onderwys in antieke Griekeland — 'n onderwerp waaroor daar tot op datum nog nie baie breedvoerig geskryf is nie. Die meerderheid tradisionele beskouinge oor die oud-Griekse onderwys gee gewoonlik heelwat aandag aan die skole van Isokrates en Plato, maar relatief min aan dié van Aristoteles. Groot werke soos dié van H. Marrou *Histoire de l'éducation dans l'antiquité* (1965) en F. A. G. Beck *Greek Education* (1964) onderskat die betekenis van die Lyceum, dit is Aristoteles se skool, geheel en al. Dit wek die indruk dat die Lyceum teenoor Plato se Akademieia onbeduidend was. Lynch wil hierdie misvatting ten sterkste afwys — en tereg ook. Die Lyceum was nie, soos dikwels gemeen word, 'n blote religieuse instelling ter verering van die Muse nie. Dit was 'n behoorlike sekulêre opvoedkundige instituut met heelwat invloed, en was druk besoek, al was sy wettige posisie nooit omskryf nie, en al het dit selfs in sy bloeiperiode meer op sy prestige as op offisiële erkenning kon steun. Die feit dat Aristoteles nie 'n Atheense burger was nie, Plato wel, het die Lyceum se posisie teenoor die Akademieia staatkundig ernstig geraak,

maar nie die werksaamhede ingekort nie. Dit is een van die twee hoofargumente van Lynch se boek. Die ander is dat die Lyceum *nie* (soos die tradisie dit het) in funksie was tot die jaar 529 n.C. toe Justinianus die skole sou gesluit het nie. Lynch betoog op heel oortuigende wyse dat die Lyceum nie later as die einde van die eerste eeu n.C. as 'n Aristoteliese skool gefunksioneer het nie, hoewel dit nog vir 'n tyd lank as filosowe-skool bestaan het.

Die boek gee heelwat vergelykende informasie oor Plato se Akademeia, en dui ook op die ontstaan en groei van instellings vir hoër onderwys in ou Athene. Die begin hiervan word teruggevoer na die oefenskole (gymnasia) wat mettertyd ontstaan het in sommige geografiese areas ('n soort van 'n park), wat aan 'n godheid of 'n volksheld toegewy was. 'n Motivering vir die oprigting van die gymnasia is vanweë gebrek aan gegewens haas nie te formuleer nie, maar Lynch wys die idee dat fisiese oefening in direkte verband tot die vereringseremonies gestaan het, beslis af. In die tyd van die sofiste is die gymnasia druk besoek deur hierdie wysheidsleraars wat temidde van die drukte in die gymnasia hulle „klandisie” gevind het — suksesvol tot so 'n mate dat die gymnasia mettertyd meer en meer sentrums vir teoretiese diskussies geword het. In die ginasium gewy aan Apollo Lukeios (die Lyceum) het Aristoteles wat student en later ook dosent was aan Plato se Akademeia (in die ginasium gewy aan die held Akademos), eindelik sy eie skool (ook genoem die Peripatetiese) begin wat hoewel dit baie ooreenkomste met die Akademeia vertoon het, 'n eie rigting ingeslaan het. Lynch onderskryf die standpunt van Düring in die *Göteborgs Höskolas Arsskrift* (1950) dat Aristoteles se versameling van bestaande literatuur, d.w.s. die opbou van 'n biblioteek, die sistematiese klassifikasie van die totale menslike kennis-terrein en die soeke na 'n streng wetenskaplike metode, die vernaamste „nuwig-hede” van sy skool was. En dit was ook hieraan dat die skool, naas die bekwaamheid van sy lede, sy prestige te danke gehad het. Die verlies van die biblioteek was dan ook een van die belangrikste oorsake vir die kwyning en ondergang van die skool toe Neleus aan wie Theophrastus (Aristoteles se opvolger) die boekery bemaak het, en Neleus wat toe nie die benoeming as hoof van die skool gekry het nie, die boeke uit Athene verwyder het. Hierdie gebeure was die begin van die einde asook herhaalde oorlogskades wat die Lyceum ervaar het omdat dit, soos Lynch oortuigend temidde van baie diverse standpunte bewys, buite die stadsmuur geleë was.

Lynch verdeel sy stof in 6 hoofstukke:

1. Thy Physical Setting: The Lyceum at Athens and its Location.
2. The Origins of Higher Education at Athens: The Lyceum and Athenian Education before Aristotle.
3. The Founding of the Peripatetic School: The Lyceum in the time of Aristotle and Theophrastus.
4. The Legal Status of the Peripatetic School.
5. The Athenian Peripatos and its decline among the successors of Aristotle and Theophrastus.
6. How long did the Peripatetic School at Athens last?

Naas twee byvoegsels met inskripsie-materiaal en 'n biografiese lys van die laaste hoofde van die skool, vind ons 'n kaart, 'n uitgebreide bibliografie en twee indekse. Die boek is tipografies baie netjies versorg en is byna geheel en al vry van drukfoute. Die gang van die betoog is oortuigend, bronnemateriaal is versigtig geweeg en daar is werklik min waarmee die resensent nie akkoord kan gaan nie. Gevalle van hierdie aard is geheel ondergeskik en verander geensins aan die standpunt van die boek nie. Daarom dien dit ook geen doel om sodanige punte hier aan te haal nie.

*Aristotle's School* is beslis 'n boek wat op die rak moet staan van enigeen wat in hierdie studieterrein belang het.

J. P. Louw.  
Departement Grieks  
Universiteit van Pretoria.

P. J. W. Beltjes: *Culemborgers overzee. Een vluchtige verkenning met het meer dan vier eeuwen oude huis De Fonteyn also dankbare aanleiding, met een inleiding door Ton Koot*; Uitgave van de Vereniging van Vriescen van het Van Riebeeckhuis, Culemborg 1971, 36 pp. geill.

Ter geleentheid van die offisiële opening van het gerestaureerde huis "De Fonteyn" te Culmeborg of Kuilenburg, dit is het geboortehuis van Jan van Riebeeck, heeft die gemeente-archivaris van Culemborg, Mr. P. J. W. Beltjes, een brochure gepubliseer oor inwoners van zijn stad die als zeeman, soldaat, klerk of bestuurder hebben gedien in die Nederlandse koloniën. Het woord vooraf is afkomstig van Ton Koot, oud-direkteur van die Bond Heemschut, die Nederlandse zuster van die Stigting Simon van der Stel.

Van Schiedamse zijde is opgemerk, dat Jan van Riebeeck twee of drie jaar na zijn geboorte, welke volgens Beltjes stellig in "de Fonteyn" heeft plaatsgevonden, met zijn ouders is verhuisd na die drukke visserij- en skeepvaartstad Schiedam. Daar heeft hij zeewind geroken en evenals zijn vader is hij als chirurgijn het zeegat uitgevaren ter wilvisvaart en in dienst van een der grote geotrooieerde kompagnieën. Dat neemt niet weg dat het Culemborg dat hij verliet, geen ingeslapen Gelders landstadje was. Vandaar zijn tamelijk vele jonge mannen overzee gegaan, evenals uit andere Nederlandse steden en dorpen in het binnenland, aangelokt door die moelikhed om van slecht betaald matroos, chirurgijn of pennist (klerk) op te klimmen tot schipper, opperman of wie weet gouverneur-generaal bij die Oost- of die West-Indische Kompagnie.

Beltjes heeft met ijver een zestiental van deze Culemborgers overzee opgespoord. Die eerste in deze reeks in Antonis Anthonisz, bijgenaamd Swarte Teun, schipper van het enige der vijf skeepen, uitgerust door Mahu en De Cordes in 1598, dat behouden in die Oost is aangekomen. Die tweede is Anthonie van Diemen, van wie Jan van Riebeecks vader een aangetrouwde neef was. Hij is die beroemdste Culemborger, opgeklommen tot een der suksesvolste gouverneurs-generaal van Oost-Indië, hoewel die Heren Zeventien der Oost-Indische Kompagnie in 1619 die toenmalige gouverneur-generaal Coen hadden gewaarschuid teen die komst van Van Diemen, die failliet was gegaan. Hij is o.m. bekend als die intiatiefnemer tot die ontdekkingsreis van Abel Tasman na die Australië en Nieuw-Zeeland.

Die derde Culemborger van betekenis is Gerrit van Harn, oom van Jan van Riebeeck, schipper en later equipagemeester der V.O.C. in die Oost, aangewezen als opvolger van Van Riebeeck als kommandeur oor die Kaapkolonie, maar overleden op die reis daarheen. Beltjes verzwigt — m.i. nodeloos —, dat hij en Jan van Riebeeck in 1647 door die V.O.C. zijn ontslagen op aanklacht van ongeoorloofde handel voor eigen rekening. In die tijd was die handel algemeen en geen schande wegens die lage salarissen bij die V.O.C. Beiden zijn trouwens enige jare later weer voor die V.O.C. in dienst genomen en bevorderd tot hogere posten. Dat zij ontslagen zijn, is volgens Anna Boëseken mede te danken aan gouverneur-generaal Cornelis van der Lijn. Deze opvolger van Van Diemen wilde blijkbaar die zogenoemde Culemborgse kliek, door zijn voorganger bevorderd, verwijderen, aldus Anna Boëseken. *Avontuur in die vreemde*, Kaapstad 1971 pp. 20-21.

Het voorbeeld en die gehoopte steun van Van Diemen hebben zeer wel

mogelijk Jan van Riebeeck bewogen om in dienst der V.O.C. te treden. Vermoedelijk heeft zijn invloedrijke stadgenoot hem goed vooruit geholpen. Beltjes wijdt uiteraard de meeste ruimte aan Van Riebeeck. Hij schrijft, dat de tien jaren door hem in Zuid-Afrika doorgebracht, beslissend waren voor de wereld-geschiedenis, maar dat lijkt mij nogal overdreven.

Beltjes vermeldt ook de familieleden van Van Riebeeck, tijdens diens bewind in de Kaapkolonie aangekomen, alsmede andere Culemborgers in de Oost, de West en Zuid-Afrika. Is de 19de eeuw trad Otto van Rees (geboren in 1823) uit Culemborg naar voren. Hij had een fraaie loopbaan als Indisch ambtenaar, Tweede-Kamerlid, Minister, gouverneur-generaal van Oost-Indië en economisch historicus.

De schrijver sluit af met een stamboom van Anthonie van Diemen en een van Jan van Riebeeck. De betekenis van zijn brochure is, dat hij aantoonst hoe eek een kleine landstad als Culemborg een aandeel van betekenis heeft gehad in de Nederlandse koloniale uitbreiding.

C. de Jong.

G. H. Findlay: *Dr. Robert Broom, F.R.S., Palaeontologist and Physician / 1866-1951*, pp. xviii, 158, ill. Kaapstad, A. A. Balkema, 1972. R7,50.

Almal het wel gehoor van die ontbrekende skakel, grotte, mev. Ples, Sterkfontein, Darwin en dr. Broom. Min van ons is vertrouwd met die werklike gebeurtenisse, die agtergrond en weet wie dr. Broom nou eintlik was. In hierdie boek word getrag om dit alles duidelik te omlin en die feite in perspektief te stel.

Robert Broom is in 1866 in Skotland gebore. Reeds as kind het hy baie belangstelling in flora en fauna getoon. In 1889 het hy sy graad as medikus behaal en vier jaar later het hy na Australië vertrek, waar hy baie werk verrig het op die gebied van plant- en dierkunde. Na 'n kort besoek aan Skotland het hy in 1897 na Suid-Afrika vertrek waar hy hom as arts gevestig het, eers in Namakwaland, daarna in Pearson. Dis hier waar sy studie van die Karroo-fossiele begin het, wat tot 'n nuwe klassifikasie van daardie voorwêreldlike reptiele gelei het. In 1963 is hy as professor in Stellenbosch aangestel, maar in 1910 het hy weer as arts gepraktiseer, hierdie keer in Springs.

Hoewel hy 'n uitstekende geneeskundige was, het sy belangstelling egter op die fossiele gerig gebly. Maar vanaf 1917 tot 1929 was hy in Douglas, waar geen fossiele is nie. Gevolglik het hy hom hier toegelê op die fisiese antropologie. Hy het aangedui dat die Korannas 'n afsonderlike groep gevorm het en dat die Hottentotte afstammeling was van die Korannas en die Boesmans. In 1934 het hy 'n aanstelling by die Transvaalse Museum in Pretoria aanvaar. Mettertyd het die skedel van die aapmens, wat in 1925 deur R. Dart naby Taungs gevind is, dr. Broom se aandag in beslag geneem. Met kenmerkende intuïsie het hy in die grotte van Sterkfontein en Kromdraai gaan navorsing doen en dit het nie lank geduur nie voordat hy verdere voorbeelde van sulke skedels aangetref het. Hy het hom egter eerder toegespits op tande as op skedels en hy kon aandui dat daar twee soorte aapmens was.

Ons leer in hierdie boek dr. Broom ken as wetenskaplike sowel as mens. As wetenskaplike het hy as navorsers die voordeel gehad van sy mediese kennis. Sy werkmodes was toegespits op pionierswerk, deurdruk, waarby uitsluitend die hoofdoel voor oë gehou is. Besonderhede kon later altyd aangevul word en onvermydelike foute kon herstel word. Hy was 'n onvermoeide werker, met 'n groot aantal publikasies. As deskundige op die gebied van die fisiese oorsprong van die mens, was hy wêreldbekend en het hy die naam van Suid-Afrika na buite gedra.

Die boek is nie net 'n belangrike bydrae tot die geskiedenis van die wetenskap nie, maar ook 'n historiese en kultuurhistoriese toevoeging tot die geskiedenis van ons land in die eerste helfte van hierdie eeu.

Die illustrasies omvat familiefoto's en afbeeldings van meer wetenskaplike aard: grotte, skedels, mensetipes, ens. Dit is 'n besonder geslaagde oorsig van 'n deel van die wetenskap waarvan die gemiddelde man maar min weet. Die tegniese probleme is grondig en duidelik beskryf en kan deur elkeen gevolg word. Dit is 'n belangrike verdere uitgawe in die reeks van Suid-Afrikaanse biografiese en historiese studies.

F. G. E. Nilant.

Gordon Brown: *An Artist's Journey along the Old Cape Post Road, 1832-1833*; pp. 1-69, 21 sketse, landkaart. Kaapstad, A. A. Balkema, 1972. R6.

In 1921 het in die Kaapse biblioteek 'n klein boekie met pen-e-ink sketse te voorskyn gekom. Meeste hiervan was taferele uit Kaapstad en van die pad van Port Elizabeth na die Kaap. Dit was onbekend deur wie die sketse gemaak was, maar hulle is toegeskryf aan D'Oyly.

Daar was in die vorige eeu baie besoekers aan die Kaap wat uit Indië hier om gesondheidsredes vir korter of langer tydperk vertoef het. Een van hulle was D'Oyly, wat 'n reis na die Kaapse binneland onderneem het en wat in Caledon weens siekte 'n tydjie moes oorbly. Gordon Brown bewys dat D'Oyly, wat self 'n ywerige tekenaar en daarby een van gehalte was, later 'n aantal tekeninge gemaak het na aanleiding van werk wat hy van 'n sekere L. Frederick Knyvett geleen het. Hierdie offisier het in 1823 na Indië gegaan. Van April 1832 tot November 1833 het hy 'n besoek aan die Kaap gebring. Tydens hierdie verblyf het hy per boot na Port Elizabeth gereis en oor land terug gekeer. Hierdie reis het hy uitvoerig in 'n dagboek beskryf. Hy het o.a. 'n aantal dae by George Rex in Knysna deurgebring. Die verskillende gegewens uit hierdie dagboek het Gordon Brown uitvoerig vergelyk met elf afbeeldings van tekeninge uit die klein boekie. Onder andere kom Melkhoukraal, die woonplek van George Rex, op een van die tekeninge voor. Bowendien blyk dit dat daar ouer bande was tussen Rex en Knyvett. Ten slotte is daar 'n baie uitvoerige en kritiese bespreking en onderlinge vergelyking van 21 prente wat Knyvett van Kaapstad gemaak het. Hierdie taferele word weer vergelyk met soortgelyke werke deur D'Oyly en Burchell. Verder is daar 'n oorsig van die reisadvies uit George Greig se *S.A. Almanac and Directory* (1832), ou landkaarte en die verskillende nagverblywe van Knyvett langs die pad.

Aan die hand van al hierdie interne en eksterne gegewens bewys die skrywer wie Knyvett was en dat hy die tekeninge uit die boekie gemaak het. Stap vir stap word die gegewens nagegaan en daarvoor besin en hierdie proses vorm uiters boeiende leesstof, nie net vir die historikus nie, maar ook vir die gewone leser wat net afleiding soek. Dis 'n besonder interessante boek vir almal wat van Kaapse geskiedenis hou.

F. G. E. Nilant.

R. F. Kennedy: *Catalogue of Pictures in the Africana Museum*, deel 6 en 7 pp. 224 en 308, ong. 2850 ill. Johannesburg, Africana Museum, 1971-1972. R55 stel.

Die eerste vyf dele van hierdie belangrike katalogus het die skilderye en grafiese werke omvat wat die Africana Museum in 1964 in besit gehad het. Hierdie eerste twee aanvullings katalogiseer die skilderye wat tussen 1965 en 1970 tot die versameling toegevoeg is. Dit omvat 2 860 werke, en hieronder



bevind hom werk van belangrike kunstenaars. Daar is bv. 800 tekeninge van Burchell wat hy in Engeland, Wallis, St. Helena en Brasilië gemaak het, met 363 van Suid-Afrikaanse taferele. Hierdie laastes staan in noue verband met sy reise en sommige is voorlopers vir die illustrasies van sy boeke. Van C. W. Coetzer is daar 115 werke, o.a. die ontwerp-tekeninge vir die Voortrekker-herinneringskoeverte, programme, posseëls en kommetjies. Van Fred. Bauer is daar baie tekeninge van geboue in Johannesburg wat nie meer bestaan nie, ook landskappe en kleiner huisies. Daar is werke van Frans Oerder, Carey (portret-spotprente), en veel van die oorspronklike tekeninge wat Dorothy Kay gemaak het as illustrasies vir *The Outspan*. Van Erich Mayer is daar tekeninge van Boeretipes en van St. Helena. Belangrik is die voëltekeninge van Priest en Lighton. Histories interessant is tekeninge van E. T. H. Hutton van gebeurtenisse en persone in die Zoeloe-oorlog van 1879 en die Eerste Vryheidsoorlog en die tekeninge van Hugh Rose van Harrismith in 1902. Hierdie werke is net van historiese belang, die kunswaarde is baie gering. Dit is natuurlik allermins die geval met werke deur Maud Sumner, F. Krige en Johannesburgse stadsgesigte en Bantoetaferele deur E. Ullmann.

Op die gebied van drama en toneel is daar honderde tekeninge deur Nina Campbell Quine wat sy aan die Museum geskenk het. Vir die teaterhistorikus is hierdie werke uiters waardevolle materiaal.

Die katalogus sal mettertyd voortgesit word. Die bedoeling is blykbaar om nou eers 'n katalogus van prente in besit van die museum saam te stel, waarby prente inbegrepe is wat in boeke en portfoliovorm uitgegee is, moontlik ook illustrasies van 17e en 18e eeuse boeke.

Van die grootste belang is dat op die ingeslane pad voortgegaan sal word om elke werk wat genoem word, in klein formaat te illustreer. Hoewel hierdie afbeeldings te klein is vir enige estetiese waardering, is hulle ruimskoots voldoende om die persoon, wat werke van 'n bepaalde kunstenaar ken, altans 'n voorlopige indruk te gee. Bowendien is hulle vir determinasie- en navorsingsdoeleindes uitstekend bruikbaar.

Laat ons hoop dat die beplanning uitgevoer sal word. Wat hier groei is 'n omvangryke werk wat nog nêrens in die land sy weerga gevind het nie en wat op wêreldstandaard staan. Ons kan dankbaar wees dat 'n man met die kennis van mnr. Kennedy hierdie werk kon aanpak. Dit kan as voorbeeld vir ander kunsversamelings dien.

F. G. E. Nilant

J. D. Gould: *Economic Growth in History*. Methuen, Londen, 1972, 460 pp. Geen prys vermeld.

Met hierdie tema het prof. Gould 'n groot taak aangepak, nl. om 'n ontleding te waag van die aard van ekonomiese groei aan die hand van primêre gegewens, maar ook deur te waad deur die teorieë daarvoor.

Sy eerste hoofstuk bevat 'n panoramiese oorsig van ekonomiese groei en ontwikkeling deur die geskiedenis heen. Daarna bespreek hy die landbou, kapitaalbelegging, uitvoer, buitelandse handel, tegnologie en industrialisasie. In die slothoofstuk word die teorieë oor ekonomiese groei en ontwikkeling in behandeling geneem en getoets.

Die boek sal sowel deur ekonome en historici nuttig gevind word. Die historikus kan die verloop van die geskiedenis nie behoorlik verklaar sonder in agneming van ekonomiese faktore nie. 'n Ekonomiese basis belig gebeurtenisse, ook van wêreldomvang soos byvoorbeeld die verskil in afstand tussen armoede en rykdom in die huidige wêreld bevolking, wat allerlei politieke vraagstukke voortbring, veral by die jong state.

F. A. van Jaarsveld

*Dagboek van H. C. Bredell, 1900-1904.* Redaksioneel versorg deur A. G. Oberholster. Verkrygbaar by Van Schaik Boekhandel teen R3,20 per eksemplaar.

Tot onlangs was die Suid-Afrikaanse Argiefdiens en die Van Riebeeck Vereniging feitlik die enigste instansies wat hulle op die terrein van bronnepublikasies gewaag het. In die jongste verlede het daar op hierdie enigins verwaarloosde terrein van die geskiedskrywing skynbaar nuwe belangstelling ontstaan en het reeds twee nuwe reekse die lig gesien. Die eerste publikasie, nl. *Politieke Briewe, 1909-1910*, deel I, persklaar gemaak deur A. H. Marais van die Instituut vir Eietydse Geskiedenis in hul reeks dokumente-publikasies wat die geskiedenis sedert 1910 wil belig, het in die loop van 1972 verskyn. Teen die einde van dieselfde jaar is ook die *Dagboek van H. C. Bredell, 1900-1904*, deur die Instituut vir Geskiedenisnavorsing van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing gepubliseer as die eerste van 'n reeks bronnepublikasies in verband met die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

As 'n mens hierby reken die verskeie publikasies wat deur private persone in die jongste verlede uitgegee is, dan laat die hoeveelheid bronne-publikasies niks te wense oor nie. Bronnepublikasies stel egter 'n besondere hoë kwaliteits-toets — en dis nodig dat hierdie ryke oes aan daardie strenge vereiste gemeet word.

„Die *Dagboek* belig die intieme daaglikse lewe van president S. J. P. Kruger tydens sy verblyf in Europa gedurende en onmiddellik na die Tweede Vryheidsoorlog in belangrike opsigte. Dit behoort 'n welkome toevoeging tot die literatuur oor die President te wees” skryf dr. P. M. Robbertse, President van die RGN, in sy voorwoord tot hierdie werk van A. G. Oberholster.

H. C. Bredell, 'n Kaaplander van geboorte, het hom in 1894 in Johannesburg as prokureur bekwaam, maar het in 1895 'n betrekking in die kantoor van die Kommissaris van Polisie in Pretoria aanvaar. Toe pres. Kruger die Transvaal in September 1899 verlaat, het Bredell hom as veiligheidsbeampte vergesel en benewens sy pligte as lyfwag was hy ook sedert September 1901 die President se laaste private sekretaris. Die *Dagboek* is begin met sy vertrek na Europa in Oktober 1900 en is met onreëlmatige tussenpouse bygehou tot in Mei 1904, d.w.s. tot kort voor die President se oorlye op 14 Julie 1904.

As navorsingsbron is dit 'n kroniek van gebeure om die persoon van die Staatspresident en sy gevolg tydens sy ballingskap in Europa. Bredell sê self dat hy nie toegelaat is om by sleutelgebeure en -samesprekings teenwoordig te wees nie. Hy vermeld dit net, met die gevolg dat die werk nie vir die leser 'n beeld van die gebeure agter die skerms gee nie, maar eerder 'n intieme kyk op die daaglikse sleurgang en gebeure in die President se lewe en die doen late van sy gevolg. So teken hy op p. 23 onder datum 19.6.1901 aan: „Heden middag hadden de volgende H.H. eene vergadering bij 'Villa Nuova': Wessels, Wolmarans, Leyds, Fischer en Grobler met President. Bespreking zeer gewichtige zaken.” Die leser word egter in die duister gelaat oor die gewigtige sake wat hier en elders bespreek is.

Daar is ongelukkig ook groot leemtes in die teks. Soms is die aantekeninge baie kort en onvolledig en soms is daar vir 'n paar maande geen inskrywing gemaak nie. Vir die tydperk 29 Oktober 1901 tot 2 Maart 1902 is daar bv. slegs een aantekening onder datum 6 Februarie 1902 gemaak. Hierdeur word die historiese waarde van die publikasie verminder.

Die *Dagboek* is tegnies goed versorg en die setwerk is bevredigend. Die voetnote is egter baie moeilik leesbaar omdat dit in so 'n klein lettertipe geset is. Op p. 42 verskyn daar 'n voorbeeld van Bredell se handskrif uit sy *Dagboek*. Dit woes liever tenoor p. 17 geplaas gewees het waar dit in die teks verskyn. Tekshakies is gebruik om kommentaar op die teks aan te dui. Dit is enigins

vreemd en toeligtig van of kommentaar op die teks moet lief in voetnote geskied. Dit kan ook tot verwarring of onsekerheid aanleiding gee soos bv. (Bovenkerk [?]) wat op p. 29 verskyn. Die woord het in die oorspronklike teks tussen ronde hakies verskyn en is nou by publikasie bevraagteken binne i.p.v. buite die oorspronklike hakies. Vir die leser sou 'n gekombineerde persoons-, geografiese- en sakeregister meer bruikbaar gewees het as die persoonsregister wat opgestel is.

Die *Dagboek* bied uiters interessante leesstof aan sy leser, maar vir die ernstige navorser is dit as navorsingsbron minder geslaag. Die Instituut vir Geskiedenisnavorsing moet egter gelukkigewens word met hierdie goed versorgde publikasie en daar word met belangstelling uitgesien na verdere afleweringe in hierdie reeks.

J. H. Esterhuysen.

Hans Sauer: *Ex Africa*. Books of Rhodesia, Bulawayo, 1973. 336 pp.

*Ex Africa* is the autobiography of Johannes (Hans) Sauer, medical doctor and pioneer. He was born on the 11th June, 1857, at Smithfield in the Orange Free State where his father was the local landdrost. A few years later the young Sauer moved with his parents across the Orange River to Aliwal North in the Cape Colony. Although he grew up as a typical Afrikaner lad, he underwent a radical change during his stay in Scotland, where he had gone to study Medicine at the University of Edinburgh, and afterwards as a result of his prolonged connection with Cecil John Rhodes whom he met on the Kimberley diamond-fields.

Of this change in attitude *Ex Africa* (first printed in 1937 and now reprinted as vol. 27 in the Rhodesiana Reprint Library) is proof enough. This gripping record of life in Southern Africa during the last twenty years of the nineteenth century was clearly written for the British reader. Sauer gives interesting facts on the culture of the Dutch South African farmer, but in doing so he alienates himself from them, and the Afrikaner of Sauer's time consequently emerges as something of a caricature.

He thought it wise to include in his first chapter, probably by way of explanation, some comments on the history and peoples of South Africa. This strikes a somewhat false note in an otherwise good recital. For example he refers to the Griqua as a people 'fond of liquor and not very useful in ordinary life', and describes a Griqua woman as 'an almost unbelievable caricature of human form' (p. 2). According to Sauer the Hottentots 'are quite extinct as a separate race, drink having proved their undoing' (p. 3). The Bushman is to him 'an untamable savage' (p. 3). One of his biggest blunders is, perhaps, his reference to the Reformed Church (Geref. Kerk) as 'a sect known as the Doppers' (p. 20).

But once Sauer concentrates on his own career an amazing story full of courage, loyalty and adventure unfolds. He was a pioneer three times over: of the Kimberley diamond-fields, the Witwatersrand gold-fields and of Rhodesia.

He started his medical career at Kimberley in 1882 during the smallpox epidemic and accepted an appointment as quarantine officer on the nearby Modder River. It was in Kimberley that he made the acquaintance of Dr Leander Starr Jameson and Rhodes, and became involved in the scramble for the gold riches of the Witwatersrand. He became in fact one of Rhodes's executives, purchasing claims for his syndicate.

Sauer's illuminating sidelights on the events and personalities of early Johannesburg are as entertaining as they are historically instructive.

In 1887 he was appointed District Surgeon for the Witwatersrand and shortly afterwards Chairman of the newly formed Municipal Council, as well as Chairman of the Diggers' Committee and Chief Consulting Surgeon to the Johannesburg Hospital.

While reading for the Bar he was persuaded by Rhodes to go to Rhodesia for the Zambezia Exploring Syndicate. During a second stay in Rhodesia on behalf of the Rhodesia Exploration Company he became involved in the Matebele war and, as member of the Reform Committee, in the Jameson Raid. With Rhodes he attended the famous indaba of the Matopos, on which occasion Rhodes came to a settlement with the Matebele. On their way to the Matopos he told Rhodes the story of Piet Retief's treaty with Dingane, erroneously placing Retief's murder after the battle of Blood River.

Sauer ends his story in 1900 when he became 'ex Africa' to take up residence in England. His exciting and unconventional life ended when he died on the French Riviera in 1939, in his 83rd year.

A. G. Oberholster.

Institute of Historical Research (HSRC).

F. C. Selous: *Travel and Adventure in South-East Africa*. Bulawayo, 1972. 503 pp.

F. C. Selous se werk *Travel and Adventure in South-East Africa* wat vir die eerste keer in 1893 gepubliseer is, het teen die einde van verlede jaar 'n heruitgawe belewe as deel 25 van Books of Rhodesia se Rhodesiana Reprint Library.

Hierdie werk is die tweede reisbeskrywing uit die pen van die grootwildjagter, ontdekkingsreisiger en avonturier, Selous, wat in 1851 in Londen gebore is. As stadskind het Selous onder invloed van die boeke van Livingstone en Stanley hom tot Afrika aangetrokke gevoel en sy lewe gewy aan die oopstelling van die stuk Afrika wat vandag as Rhodesië en Zambië bekend staan.

Aanvanklik is hy 'n ivoorjagter, maar teen die tagtigerjare was die olifant al uitgeskiet en het Selous hom begin toelê op die versameling van eksemplare van die diere- en plantelewe, asook kultuurvoorwerpe van sosiaal-antropologiese aard vir uitstalling in natuurkundige museums in Suid-Afrika en Brittanje.

Sy *Travel and Adventure in South-East Africa* word gewy aan die byeenbrenging van natuurwetenskaplike materiaal. Dit word egter 'n reisbeskrywing waarin al sy omswerwinge tussen die sewentiger- en negentigerjare beskryf word. As sodanig is dit vanuit 'n geskiedkundige oogpunt gesien 'n waardevolle relaas van die sosiale lewe in Suidelike Afrika soos dit bykans 'n eeu gelede daar uitgegans het. Met die oog van 'n onbevange waarnemer met 'n groot bewondering en liefde vir die Blanke-pioniersbestaan, rapporteer hy wat hy sien en beleef. Sy reise deur die wildernisse van Suidelike Afrika bring hom, anders as vir die ander toeriste wat enkel Kaapstad, Kimberley en Johannesburg besoek, in kontak met onder meer die Afrikaner. Selous sien hierdie mense in 'n ander perspektief as sy landgenote, want as grootwildjagter leef hy met hulle saam op sy lang jagtogte na die streke noord van die Limpopo. Hy kom tot die slotsom dat hulle 'n blywender bestanddeel van Suidelike Afrika sal blyk te wees as waarvoor hulle krediet ontvang. Veral hulle taal wat hy aanleer, glo hy is in sekere opsigte taaier as Engels.

Hy skryf oor die folklore van sy tyd. Hy glo o.a. self aan die genesende krag van die slangklip. Hy beskryf die dierelewe en die stryd en oorlewing van die geskikste.

Hy ken vir Khama van die Bamangwato en vir Lo Bengula van die Matebele. As sy reis hom oor die Limpopo noordwaarts deur Rhodesië en Wes-Mosambiek lei, beskryf hy hoe verlate en leeg die eens bewoonde landstreek is en hoe

vreesagtig die Masjonas is dat hulle verder deur die Matebeles uitgeroei sal word. Dis 1882 en 'n mens staan versteld om te besef hoe naby ons eintlik nog aan die naweë van die Nguni-strooptogte staan. Ewe verbasend is dit om te besef dat slawe in kettings geslaan, reg vir die uitvoermark, nog 90 jaar gelede 'n bekende verskynsel langs die Zambesi was.

Interessant klink dit as Selous daarvan gewag maak dat die Witrenosterbevolking wat tans onder menslike beskerming weer begin aangroei reeds in 1882 op die punt gestaan het om uitgewis te word.

Selous se rapport is 'n dokument wat vir die hedendaagse leser, namate sy leeswerk vorder, aan merkwaardigheid toeneem.

Hy teken die bosrykheid aan die oewer van die Mosambiek se Sabierivier. Hy beskryf die toestand onder die uitgedunde Bantoevolke daar. Hy beskryf die Boesman van weleer en gaan dan oor tot die neerskryf van die bestaande kennis oor hierdie primitiewe dwerge. Hy wy uit oor die teorieë van hulle herkoms en verspreiding. Hy skryf oor die argeologiese opgrawings en 'n mens is verbaas om te besef dat die opvattinge in dié verband wat toe gehuldig was, nog basies ongeskok voortleef en vandag nog deurgaans vir die jongste kennis. Wat jou tref, is die natuurlike ontsag vir die waarheid en geloofwaardige wat Selous openbaar. Hy skryf en vertel net soos dit was — die alledaagse van die jagter, maar hy skryf daarvoor soos 'n mens wat dit vir die eerste keer waarneem — dis skerp en lewend. Hy skryf oor die Hoëveld van Transvaal. Vir hom is dit die "downs". Dis al beskrywing waarmee hy dit vir sy Europese leser voor kan tower. Dis verbasend as hy vertel hoe leeg gejag die land toe reeds was. Hy skiet vir die museums in Londen en Kaapstad. Daar is geen sentiment by hom oor die jag nie. Ook geen grootpraterie nie. Hy roei niks onnodig uit nie. Oor die Bantoe het Selous geen illusies nie. Hy kyk na hom deur nugter oë. Genade en betroubaarheid is vir die volke wat hy leer ken het, vreemde begrippe.

Hy vertel van sy besoeke aan Bulawayo en hoe hy deur Lo Bengula verhoor is omdat hy seekoeie geskiet het. Sy waagmoed verbaas 'n mens.

Sy reise voer hom na Barotseland in die teenswoordige Zambië. Hy ondervind hier verraad wat byna uitloop op die dood. Sy laer val in die hande van die Barotsi wat nakend loop en altoos bewapen is met 'n handvol spiese.

Integriteit en waarheidsliefde is by Selous aangebore. Hy rapporteer deur sy bron telkens te vermeld en ook 'n mening oor die betroubaarheid van sy informant te verstrek. Sy mededeling bevat iets vir byna elke wetenskap. Die volkekundige, soöloog, plant- en insektekundige, die geograaf, die kultuurhistorikus en linguïst asook die sendingwetenskaplike kan by hom leer.

Sy reise lei met die Zambesi langs oor die paaie van Livingstone. Hy besoek die tuisland van Khama en ons leer Botswana van 90-100 jaar gelede ken.

As iemand gebore in Engeland, het hy 'n merkwaardige aanpassing gemaak in die wildernis. Hy stel sy leser in verbinding met vroeë jagters, handelaars en sendelinge in die binneland. Ons kry 'n kykie in hierdie mense se selflose beskawingswerk en persoonlike opoffering in 'n hinterland waar hulle jare lank afgesny van die beskawing arbei en die wêreld vir die nageslag oopgestel het.

Sy togte gee aan die leser 'n beeld van die stand van Portugese kolonisasie van Mosambiek 80 jaar gelede. Portugese indringing was destyds gebaseer op 'n feodale konsessiestelsel. Die konsessionarisse het met 'n bende gewapende askari's en 'n Portugese vlag die gesag van Portugal afgedreig en uitgebrei.

'n Bygaande kaart help die leser om Selous se ontdekkingstogte te vertolk. Dit is egter jammer dat die kaart nie geheel uit die teks uitvou nie. Dit sou die leser in staat gestel het om die beskrywing soveel makliker te volg.

Met aanduidings dat die Portugese besig was om hulle gesag in die rigting van Masjonaland uit te brei, het Selous hom tot Rhodes gewend. Sy aanbevelinge het die simpatieke oor van 'n geldmagnaat, gereed om die Britse Ryk noord van die Limpopo uit te brei, bereik. Masjonaland was nie alleen 'n gesonde hoogland, geskik vir Blanke nedersetting nie, maar 'n land met oorvloedige spore van voormalige goudontginning.

Die verantwoordelikheid om die sendelingpad verder noordwaarts deur die bossie op die randjie van Matabeleland langs te verken en na Mount Hampden oop te kap, was Selous se aandeel aan die tog van besettingsekspedisies.

Selous gee 'n interessante beskrywing van die voorbereiding, samestelling en beweging van die ekspedisiemag. Die krisisperiode breek aan as die pad vanaf Tuli tot by Fort Victoria oopgekap word. Lo Bengula se versuim om daadkragtig op te tree, stel Selous in staat om die ekspedisie tot op die waterskeiding te bring vanwaar die bereiking van die beloofde land vinnig volg. Op 11 September 1890 word daar tot die vestiging in Salisbury oorgegaan en word 'n nuwe Blankestaat in Afrika in aansyn geroep.

Die slothoofstukke van die werk wy Selous daaraan om Masjonaland (Rhodesië) vir kolonisasie onder die Britse publiek aan te beveel.

Hy beskryf die vroeë geskiedenis van Masjonaland. Hy spekuleer oor Zimbabwe en sy boumeesters. Hy sien die Bantoe as 'n vermenging van die Neger met bloed uit Noord-Afrika en die Midde-Ooste. Hy beskryf die landsgebied se moderne geskiedenis. Die welbekende verhaal van die uitwissing van die eertydse groot swart bevolking deur die Nguni-stamme wat noordwaarts padgegee en op die voetspoor van Tsjaka se voorbeeld, die vreedsaames opgevrete het, ontvou. Gaandeweg word die werk 'n pleidooi om koloniste en 'n beskrywing van die vinnige vordering waarmee die vestiging in Masjonaland plaasgevind het. Die goud waaroor die gebied sou beskik, word hoog aangeslaan. Die gesonde klimaat vir Blankes word verder aangeprys.

Selous se beskrywing word ten slotte 'n ekspansiegeskiedenis. Dis nie meer die swerwende enkelinge waaroor hy primêr skryf nie. Dis nie meer trekboer wat agter weiveld en water gestadig die binneland beset nie, maar dit is nyweeraars wat ekspedisies militêr toerus en die besetting beplan en snel deurvoer. Dis nou die sug na goud wat die siel van die beweging uitmaak. Nie jagers, sendelinge of veeboere dra die beskawing die wildernis in nie, maar nyweeraars en handelsmaatskappye.

Met stoutmoedigheid tree 'n handjievol Engelse polisie op teen die Portugese en word die grense tussen Engelse en Portugese invloedse daargestel en kry in Selous se boek die Rhodesië van vandag sy vroeë beslag.

C. M. Bakkes.  
 Instituut vir Geskiedenisnavorsing  
 RGN

Eduard Mohr: *To the Victoria Falls of the Zambesi*. Rhodesiana Reprint Library vol. 28, Bulawayo, 1973. Pp. 462. R\$6,35.

Eduard Mohr of Bremen was the first German-born traveller to visit the Victoria Falls which he reached on 20th June 1870. Mohr was something of a botanist, entomologist and zoologist and he engaged in a certain amount of mapping which led to a friendship with Thomas Baines.

Prompted by Karl Mauch's announcement of the discovery of gold in Rhodesia, Mohr, in company with a celebrated mining engineer, Adolf Hübner, sailed for Durban in 1869 to explore Matabeleland and Mashonaland, to prospect and to hunt. Mohr was already a seasoned traveller having, at the age of 20,

gone to North America where he worked on the Californian goldfields, and later to South America and the Far East.

This work was originally published in German in 1875. The English translation, of which this is a facsimile reprint, appeared the following year. It is now reprinted as vol. 28 in the series of Rhodesiana reprints. The book is the unvarnished narrative of Mohr and Hübner's adventures on their way from Durban to the Victoria Falls. It is written not from memory, but with the aid of a journal regularly kept. Mohr refers to meetings with Baines and Mauch en route to the falls and to his sojourn at Sir John Swinburne's mining camp at Tati. He got on well with the Boers to whom he refers as people of the "purest extraction . . . their complexions deeply bronzed by the tropical sun" (p. 77).

Mohr arrived at the Victoria Falls near Wankie on 12th June 1870. He gives a somewhat poetic description of the scenery: "The Zambesi is here one mile wide, and is dotted with pretty little islands covered with evergreen trees. The banks are hilly and overgrown with bush. On the north an extensive view is obtained, with a distant background of lofty mountains. The current of the river is noisy and rapid, running at a pace of three knots an hour, and its waters are clear, transparent, and of a greenish-blue colour . . ." (pp. 313-314)

Furthermore, Mohr's narrative contains vivid pictures of African life, racy accounts of privations, difficulties, and hair-breadth escapes, as well as revealing descriptions of the countless herds of wild animals in the interior. He writes with candour and ready wit and supplies valuable information with regard to the customs of the various peoples he encounters on his way. His narrative is given with a simplicity and an absence of striving after effect as rare as it is charming, and therefore cannot fail to interest every admirer of courageous enterprise and heroic endurance.

South Africans will appreciate his references to "picturesque" Pietermaritzburg, Harrismith and Potchefstroom, and the "Drachensberg Mountains, veiled in blue mist." (p. 63). Harrismith, where he spent a Sunday morning, "was as dull and unsociable on Sunday as any Scotch or English town" (p. 84). In Potchefstroom he admired "the houses . . . rising like shining white specks above the green expanse" (p. 96). Free Staters especially will be heartened by his remarks in connection with "the wide plains" which "seem to be the very embodiment of freedom" (p. 76).

The value of the book is enhanced by a biographical Introduction compiled from material obtained from East and West Germany, and elsewhere. It is also the first of the Rhodesiana reprints to carry full-colour illustrations. The four chromo-lithographs give the work an old world charm which helps to recapture the pre-Pioneer scene of the days of Thomas Baines, Karl Mauch, Thomas Morgan Thomas, and of Mzilikazi.

Where recent Africana/Rhodesiana booksales in South Africa and Rhodesia have emphasized the rising values of scarce and rare books, one can only be grateful that the management of Books of Rhodesia was able to obtain this most valuable piece of Rhodesiana and Africana. It ranks high among the narratives of exploration, investigation and travel in 19th century Southern Africa. As such it is a must, not only for collectors of valuable Africana and Rhodesiana, but also for all people concerned with the past of Southern Africa. Books of Rhodesia deserve praise for their enterprise in this most specialized field of publishing.

A. P. J. van Rensburg.  
Department of History, University of Pretoria.

*Note:* Persons wishing to subscribe to the Rhodesiana Reprint Library series will, on taking up membership of the Book Club, enjoy a discount of 33½% on the retail prices of all books, prints, maps, etc. There is no membership fee but membership entails undertaking to accept a minimum of three consecutive future books in the series. Back numbers are obtainable from the publishers. They include several works by F. C. Selous, as well as Wills and Collingridge's *Downfall of Lobengula, Rhodes — A Life*, by J. G. McDonald and Randolph Churchill's *Men, Mines and Animals in South Africa*.

Anthony Sillery: *John Mackenzie of Bechuanaland (1835-1899), a study in humanitarian imperialism*; pp. XII-236, ill., A. A. Bakema, Kaapstad, 1971. R7,50.

Die meeste van ons onthou John Mackenzie uit die geskiedenisklas as 'n persoon wat betreklik onverwags op die voorgrond kom, 'n rol speel in die geskiedenis van die toenmalige Betsjoeanaland en Wes-Transvaal, om daarna weer te verdwyn. In hierdie boek vind ons die oorsake van hierdie plotselinge en kortstondige verskyning.

Mackenzie kom, soos baie van sy kollegas, uit 'n klein Skotse samelewing. Hy het besluit om sendeling te word. Dis opvallend dat veel van die Britse sendelinge van klein komaf is en slegs beperkte onderwys geniet het. In sendingkringe in Engeland het stadigaan die besef deurgedring dat vir goeie sendingwerk meer benodig was as net religieuse ambisie, en gevolglik is 'n minimum vereiste vir dié opleiding van 'n sendeling vasgestel. Vir menige sendeling was die afstand tussen diepe vroomheid en imperialistiese ambisies slegs 'n verskil in tint, nie in wese nie. Die begrip Britse wêreldryk het in die laat Victoriaanse periode 'n geloof geword: dit het gestaan vir die hoogs moontlike beskawing en die beste soort regering.

Teen hierdie agtergrond moet ons Mackenzie beoordeel. Hy was 'n uitstekende organiseerder, wat 'n kort tyd 'n politieke rol gespeel het. Vir die res van sy lewe was hy 'n hardwerkende sendeling. Vir die verhouding tussen blankes en Bantoes in Suid-Afrika het Mackenzie 'n persoonlike oplossing voorgestaan, maar dr. Sillery bevestig dit dat sy sisteem in die praktyk niks minder as 'n ramp sou beteken het nie. (bl. 55). Ons vind Mackenzie in 1883 in Engeland, waar hy op die agtergrond sterk invloed uitgeoefen het op die onderhandelinge wat tot die Londense Konvensie gelei het. Daarna het hy as kommissaris van Betsjoeanaland na Suid-Afrika teruggekeer, 'n posisie wat van die begin af geen kans op sukses gehad het nie. Die Britse regering het min vertroue in Mackenzie gehad; hy moes 'n land regeer wat Brittanje op daardie oomblik nie wou hê nie, hy is eintlik sonder definitiewe instruksies uit Londen weg en hy nie oor voldoende troepe beskik om sy idees uit te voer nie. Die gebeurtenisse wat tydens die kort kommissariatskap van Mackenzie plaasgevind het, word uitvoerig beskryf. Party voorvalle, waaroor daar in die algemeen nog onjuiste opvattinge heers, soos die berugte vlaghysing op Taungs, word beter toegelig. Mackenzie was egter spoedig na sy aanstelling in onguns, sowel by die Londense regering as by die Kaapse goewerneur.

Dr. Sillery het daarin geslaag om te verduidelik wie Mackenzie nou eintlik was, watter rol hy in Suid-Afrika gespeel het en wat die juiste waarde van sy teorieë en die praktiese moontlikheid daarvan was.

F. G. E. Nilant.

Vivien Allen: *Kruger's Pretoria, Buildings and Personalities of the City in the Nineteenth Century*; pp. XII-259, 193 foto's, 23 ill., A. A. Balkema, Kaapstad, 1971. R12,50.

Hierdie boek is nie 'n geskiedenis van Pretoria nie, maar dit verskaf ons



'n menigte gegewens oor sy inwoners van die vorige eeu en die huise wat hulle gebou het. Baie van hierdie huise en geboue verkeer in 'n staat van verwaarlosing: hulle is destyds nie altyd baie goed gebou nie en is tans vol barste. Onder hierdie omstandighede is dit baie moeilik om hulle vir die nageslag te bewaar. Baie van hulle is trouens argitektonies-esteties nie baie aantreklik of belangrik nie. Daar word in die meeste gevalle geen pleidooi gelewer vir die behoud van die ouer gebou nie. 'n Uitsondering vorm die ou Muntgebou op Kerkplein (langs die poskantoor), waarvan die gewel behou behoort te word. Tegelykertyd probeer mev. Allen gelukkig ook nie om die jongste strewe om oud en nuut saam te laat vloei, te ondersteun nie. Hierdie strewe is gedoem om te misluk, omdat elke gebou sy eie kulturele agtergrond en tydsvereistes het, wat nie met ander vermeng kan word nie.

Pretoria is in 1855 op twee plase gestig en vyf jaar later het dit die hoofstad van Transvaal geword. Daar was 'n aantal belangrike besoekers, o.a. Thomas Baines, wat opdrag ontvang het om 'n skildery van die dorp te maak. In die boek word baie aandag gegee aan die toestande wat in die dorp gedurende die Eerste Anneksasie geheers het. Daarna volg die Republiek van Paul Kruger wat as gevolg van die goudontdekkings ekonomies sterker word. Die eerste groter geboue dateer uit hierdie tyd. Kerke en skole word uitvoerig beskryf. Hoewel hier en daar dieper op besonderhede ingegaan word, neem die skryfster globaal 'n breë standpunt in. Sy benadruk dat ons daardie tyd nie met vandag moet vergelyk nie. Selfs met die tydensnootlike Europa kan dit nie op een lyn gestel word nie, omdat groei hier stadiger was.

Daar word betreklik uitvoerig ingegaan op die geskiedenis van Melrosehuis, omdat die skryfster meer persoonlik by hierdie gebou betrokke is. Ook die onderhandelinge wat tot die Vrede van Vereeniging gelei het, word meer in besonderhede bespreek, waarby Milner nie baie goed daarvan af kom nie.

Die meeste van die hoofstukke het voorheen in artikelvorm in die *Pretoria News* verskyn. Nogtans bestaan daar 'n eenheid tussen die verskillende dele van die boek: dis die mense self, die geboue wat hulle opgerig het en waarin hulle gewoon en gewerk het, wat as grondslag geneem word.

Behalwe woonhuise bespreek mev. Allen die geskiedenis van die vroegste hospitale, die Victoria Hotel, die amptelike geboue om Kerkplein, die verskillende kerkgeboue en skole en die Pretoriase Klub. En ons leer die persone ken, na wie die strate in Pretoria vernoem is.

Al die beskrywings word toegelig met 'n groot aantal foto's wat opmerklik toepaslik is. Die tekeninge deur Hannes Meiring verleen 'n ekstra sfeer aan die boek. Daar is 'n voorwoord deur regter J. F. Marais, lid van die beplanningskomitee van Pretoria, 'n lys van illustrasies en 'n indeks. Ons sou graag 'n lys van geraadpleegde boeke en tydskrifte gesien het.

Dis opvallend hoeveel materiaal die skryfster, wat nog geen tien jaar in Pretoria woon nie, in hierdie paar jaar bymekaar gemaak het. Belangstelling en entoesiasme, deursettingsvermoë en veral kritiese benadering het hierby 'n groot rol gespeel. Laat ons hoop dat hierdie boek deur 'n tweede deel gevolg sal word, waarin ook die eerste helfte van hierdie eeu ter sprake kan kom.

F. G. E. Nilant.

Eleanor K. Lorimer: *Panorama of Port Elizabeth*; pp. XII-196, ill., A. A. Balkema, Kaapstad 1971. R12,50.

In vergelyking met Kaapstad het Port Elizabeth eers betreklik laat tot ontwikkeling gekom. Die Portugese seevaarders en die amptenare van die Oos-Indiese Kompanjie was goed op hoogte van die bestaan van Algoabaai, waar

goeie drinkwater vir die skepe beskikbaar was. Die binneland het ook maar stadig ontwikkel vanaf die tweede helfte van die agtiende eeu. Daar word 'n fort gebou wat in 1798 deur 'n klipgebou vervang word. In 1803 besoek kommissaris De Mist die plek, saam met sy dogter Augusta.

Die werklike groei van die stad begin na 1820 met die koms van die Britse Setlaars. In daardie jaar kry die plek ook sy naam: vernoem na die in Indië oorlede vrou van sir Rufane Donkin. Die emigrante het die merinoskaap na die Oostelike Provinsie gebring en Port Elizabeth ontwikkel 'n wolwas-industrie; die hawe groei en dit word een van die belangrikste deurvoerhawe van Afrika; naderhand word 'n pier gebou sodat op- en aflaai van passasiers en goedere met meer gemak en groter snelheid kan geskied.

Dit blyk dat reeds vroegetydig aandag geskenk is aan plaaslike regulasies. In 1825 word die eerste magistraat aangestel, vyftien jaar later is daar bepalings in verband met varke wat los in die strate rondloop en die registrasie van honde. In 1860 het die eerste stadsraadsverkieping plaasgevind. Wat nie vermeld word nie, is dat Port Elizabeth vandag in vergelyking met baie ander plekke in Suid-Afrika, een van die mees gevorderde stelsels van plaaslike wetgewing het, wat inwoners en owerheid baie moeite en koste bespaar.

Ons maak kennis met 'n hele aantal besoekers wat deur die jare hul opwagting in die stad gemaak het: Piet Retief in 1815, kaptein Francis Evatt in 1817, Thomas Baines in 1848, aartsdeken N. J. Marrison. Soos in baie ander plekke was daar besondere feestelikhede tydens die besoek van prins Alfred in 1860.

In 1870 word die eerste Port Jackson-wilgerbome uit Australië ingevoer om sandverskuiwings teen te gaan. In 1858 word die eerste steen gelê vir die stadsaal, wat in 1864 voltooi is. Ons hoor een en ander oor skole en kerke en oor die jammerlike brand van die St. Mary-kerk.

Mev. Lorimer is die voorsitster van die historiese vereniging van Port Elizabeth wat hom ten doel stel om geskiedkundige navorsing aan te moedig en om belangstelling vir die plaaslike geskiedenis op te wek. Die opset van die boek is egter van so 'n aard dat baie gesigspunte, gebeurtenisse en omstandighede nie bespreek word nie. Ons sou bv. graag meer insig kry in die rol wat die handelaars van Port Elizabeth gespeel het in die geskiedenis van Suid-Afrika in die algemeen, en veral die invloed wat hulle gehad het op die gebeurtenisse in die twee binnelandse Boere-republieke. Die nadruk in die boek val ook hoofsaaklik op die vorige eeu, aan die twintigste eeu kon nie veel aandag gegee word nie. Ons hoop dat 'n tweede boek 'n oorsig sal bevat van die ontwikkeling van die stad gedurende die eerste helfte van hierdie eeu.

Die illustrasies in die boek is uiters waardevol. Daar is sewe reproduksies in kleur na ou skilderye, 'n groot aantal afbeeldings na prente en tekeninge, waaronder die familieportrette van Rufane Donkin en sy vrou en die graf van Elizabeth Donkin-Markham in Meerut, Indië. Die skryfster het self 'n aantal gewasse tekeninge na ou foto's gemaak en daar is pentekeninge deur Tony Grogan. Daar is 'n lys van geraadpleegde werke en 'n goeie indeks. Die bylêe bevat 'n kronologie van Port Elizabeth, opgestel deur die stadsbibliotekaris, A. Porter.

F. G. E. Nilant.